

# Q & A

*Emor*

MIDRASH VRAE



[www.houtkruis.co.za](http://www.houtkruis.co.za)

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Levitikus 21:1 – Levitikus 24:23

**Haftarah:** Esegïel 44:15–31

**B'rit Hadashah:** 1 Petrus 2:4–10; Matteus 5:38–42; Matteus 26:59–66; Galasiërs 3:26–29

1.

In Levitikus 21:1 staan: “En YHVH het vir Moses gesê: Spreek met Aäron...” Die woord “spreek” is die Hebreeuse woord *emor* (אמר). Wat beteken hierdie woord in sy oorspronklike konteks, en watter geestelike betekenis kan ons daaruit leer?

2.

Wie was deur Abba Vader afgesonder om as priesters in Israel te dien, en watter dinge het iemand verhinder of beperk om daardie diens te verrig?

3.

Wat is die oorspronklike Hebreeuse naam vir “priester”, en wat openbaar die betekenis van dié woord oor die rol van ’n priester?

4.

Wat beteken Levitikus 19:27, en hoe moet ons dit verstaan in verband met baardsorg en heidense praktyke?

5.

Wat is die “vasgestelde tye” (feeste) wat Abba Vader in Levitikus 23 instel, en hoe word hierdie feeste volgens die Skrif in verskillende seisoene of tye van die jaar ingedeel?

6.

Wat beteken die “Omer-offer” en die “Omer-telling” in die Skrif, en wat is die oorsprong, betekenis en geestelike doel daarvan binne die konteks van Levitikus 23 en die feeste van die Here?

7.

Wat word volgens die Skrif op Shavuot (die Fees van Weke) aan Abba Vader geoffer of aangebied, en wat is die betekenis van hierdie offers binne die konteks van Levitikus 23 en die Omer-tyd?

8.

Watter van Abba Vader se vasgestelde tye (feeste) het Yeshua reeds vervul, en hoe word elkeen van hierdie feeste in Sy lewe, dood, opstanding en bediening gesien?

9.

Watter van Abba Vader se vasgestelde tye (feeste) gaan Yeshua nog kom vervul?

10.

Watter van Abba Vader se vasgestelde tye (feeste) is 'n ewige instelling?

11.

Parsha Emor sluit af met 'n opvallende en skokkende verhaal (Levitikus 24:10–23). Parsha Emor sluit af met 'n opvallende en skokkende verhaal (Levitikus 24:10–23).

11.a.

Wie is die hoofkarakter in hierdie verhaal?

11.b.

Wie was sy ouers?

11.c.

Wat gebeur tussen hom en 'n ander man?

11.d.

Wat het die sentrale figuur in ons verhaal gedoen wat almal se aandag getrek het?

12.

Watter vyf geestelike en morele kenmerke kan ons identifiseer in die jong man se optrede in Levitikus 24:10–11, en wat leer dit ons oor 'n lewe wat nie Abba Vader se Naam verheerlik nie?

13.a.

Wat het Abba Vader vir Moses beveel om met die man te doen?

13.b.

Hoe moes die tereggestelling plaasvind, en waarom op hierdie manier?

13.c.

Wat is die Hebreeuse woord vir "laster", en wat beteken dit?

13.d.

Wie moes die straf uitvoer?

14.

In 1 Petrus 2:4–5 verwys Kefa (Petrus) na Yeshua as die “Lewende Steen”. Wat is die oorspronklike Griekse woorde vir hierdie uitdrukking, en wat beteken dit? Hoe moet ons hierdie beeld geestelik verstaan?

15.

Petrus haal die profeet Jesaja aan wanneer hy verwys na Yeshua as die “kosbare hoeksteen”. In Bybelse beeldspraak dui ’n hoeksteen op ’n vaste grens en fondament tussen verskillende “koninkryke” of bouwerke.

15.a.

Wat beteken dit volgens jou om op Yeshua, die hoeksteen, te vertrou?

15.b.

Wat gebeur as ’n bouer die hoeksteen verwerp?

15.c.

Waarna verwys die “hoeksteen” – Torah, Yeshua se leer, of albei?